Die Suidwester

# OUTJO-VROU DAM LEEU MET HAND BY OM SODOENDE HAAR MAN TE RED

(Eie Berig)

OUTJO, Dinsdag.

'n VROU wat hier regtig handgemeen geraak het met 'n leeuwyfie en daardeur die lewe van haar man sowel as kinders gered het, verkeer hier in die hospitaal met drie wonde wat sy tydens die geveg opgedoen het. Toe die leeu haar man met geweer en al omspring, het sy teruggegaan en naderhand die leeu met albei hande aan die kop beet gekry en met geweld van hom afgetrek. Dit het gebeur nadat sy eers die leeu met die plathand bygedam het om sodoende die leeu se aandag van haar man af te trek en hom daardeur 'n kans te gee om die leeu te skiet.

Hierdie onbeskryflike ondervinding was die van mnr. en mev. R. C. Els op 'n Administrasieplaas 150 myl vanaf Outjo en dus ook vanaf die naaste geneesheer.

Mnr. Els en familie is vanaf die begin van Maart op die plaas waar die leeus baie volop in die omtrek is. Twee weke gelede het die leeus ook sy kraal besoek en twee bokke en 'n donkie doodgemaak.

Maandagoggend om drie uur het hy die honde by die kraal hoor blaf en gewapen met 'n koplig wat hy spesiaal vir die doel aangeskaf het en geweer is hy kraaltoe.

By die kraal wat maar ongeveer vyf-en-twintig tree van sy huis is, kon hy vier leeus duidelik uitken besig om by die kraal te lê en vreet. Hy het tien skote afgetrek en gehoor dat hy een gedood en volgens die gebrul twee gekwes het.

Sonop Maandagmôre het mnr. Els met vrou en twee seuns van sewe en nege jaar onderskeidelik na die kraal gestap om te gaan kyk watter skade aangerig is. Terwyl hulle besig was om na die twee dooie leeus wat daar lê te kyk en gissings te maak het 'n leeu agter hulle gebrul en toe hulle omkyk is die leeu vyftien tree van hulle af. Mnr. Els het aan sy vrou en kinders geskreeu om huistoe te hardloop, maar toe die een seuntjie agterbly het sy vrou terug gehardloop om hom te haal. Op hierdie stadium het die leeu by die seuntjie verby gespring en mnr. Els met geweer en al onderstebo gespring. Die skoot wat hy nog afgetrek het, het die leeu geraak maar was net 'n vleiswond.

Mev. Els wat toe al op vlug was, het omgedraai en eers die leeu met die plathand geklap om sodoende sy aandag van haar man af te trek om hom 'n kans te gee om te skiet. Toe dit nie wou help nie het sy die leeu met beide haar hande aan die kop beetgekry en hom met geweld van haar man afgetrek.

Mnr. Els deel ons mee dat toe hy opstaan het sy vrou en die leeu regop teenmekaar gestaan voordat die leeu haar kon platgooi. Hy het die loop van die geweer teen die leeu se kop gedruk en afgetrek en daarna moes hy die dooie leeu losmaak van sy vrou wat toe nog in 'n omhelsing met haar gelê het. Die leeu het mev. Els 'n baie lelike bytwond aan haar linker boarm gegee en sy het ook wonde aan die nek en agter die rug opgedoen.

Mnr. Els het 'n wond aan sy linker arm en een aan sy linkerbeen.

Mev. Els verkeer hier in die hospitaal en na vanoggend van die hospitaal verneem is, het sy 'n redelike goeie nag agter die rug en op die oomblik is haar toestand bevredigend. Mnr. Els vertoef ook nog op Outjo vir behandeling.

In 'n onderhoud het mnr. Els gesê dat hy nie kan besef dat dit alles in die kort tydjie gebeur het nie en hy het oor en oor melding gemaak van die feit dat sy vrou so kalm opgetree het. Hulle het huistoe gestap en by die huis was dit nog weer mev. Els wat ontsmettingsmiddels gebring het om hulle wonde te ontsmet. 'n Buurman het hulle tot op Kamanjab, honderd myl vanaf Outjo, geneem en daarvandaan het hulle die geneesheer getelefoneer wat hulle 55 myl anderkant Outjo tegemoet gery het en daar inspuitings toegedien het voordat hulle verder na Outjo vervoer is.

Die Vaderland.

Woensdag, 14 April 1954.

# Vrou Se Moed Red Gesin

**DEUR 'n leeuwyfie met haar kaal hande beet te pak, het mev. R. C. Els, 'n boervrou van Suidwes, Maandagoggend die lewens van haar man en twee kinders gered, berig SAPA. Dit het gebeur op die Else se plaas, 150 myl van Outjo af; mev. Els het vuilbaard se vrou gegryp ten einde haar aandag af te trek van mnr. Els sodat hy die dier kon skiet.**

Mev. Els verkeer tans in die hospitaal op Outjo, waar sy behandel word vir wonde aan haar linkerarm, nek en rug. Mnr. Els word behandel vir wonde aan die arms en bene.

## Pak Leeu Met Kaal Hande

Maandagoggend vroeg het mnr. Els op vier leeus geskiet wat dertig tree van sy huis af aan iets gevreet het. Toe dit lig word, het hy en sy gesin gaan kyk hoeveel hy raakgeskiet het. Terwyl hulle na twee dooie leeus gekyk het, het 'n leeuwyfie by een van die kinders verby gespring en mnr. Els omgestamp. Mev. Els het omgedraai en die leeuwyfie van haar man probeer wegtrek. Die dier het haar tot die vrou gewend en mnr. Els in staat gestel om sy geweer te laai en te skiet. Die dooie leeu het op mev. Els geval.